Toetrede

Liturgie van die Lig

Prayer is not selfish! Whenever I stop and try to pray, I enter into my own heart. But also in some mysterious way I touch the lives of all who yearn for goodness and truth, and who lift up their hearts in prayer as I do. Through my prayer and theirs, the wide expanse of the world is lifted up before God. Some people's whole lives are spent in this way – for instance, the Carthusian contemplatives portrayed in the 2005 film, Into Great Silence. These ordinary people who have been called to silence and prayer are devoted day and night to the mystery of the living God, and continually raise up the world and its needs before Him.

We each have our part in that great panorama of prayer - for when we stop to pray in the midst of our practical concerns, we enter the Sacred Space domain and are joined to a multitude of praying hearts across the world. In the film the text from Jeremiah 20:7 appears from time to time: 'You have seduced me, Lord, and I have let myself be seduced'.Such strong language has a particular meaning when applied to the extraordinary location of a Carthusian monk. But the words can also be applied to myself. When I feel drawn into quiet and prayer, I am being 'seduced' by God! Coming before Him, as best I can, with all my poor heart, the whole world and its needs are present as well. (SacredS)

Woorddiens

Lesing 1: Deuteronomium 34:1-12

[1] TOE het Moses opgeklim uit die vlaktes van Moab
na die berg Nebo, die top van Pisga wat teenoor
Jérigo lê; en die HERE het hom die hele land,
Gílead tot Dan toe, laat sien;
[2] en die hele Náftali en die land Efraim en Manasse
en die hele land Juda tot by die Westelike See;
[3] en die Suidland en die Jordaanstreek, die laagte
van Jérigo, die palmstad, tot by Soar.
[4] En die HERE het vir hom gesê: Dit is die land wat
Ek aan Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof
het met die woorde: Aan jou nageslag sal Ek dit
gee; Ek het jou dit met jou oë laat sien, maar jy sal
daarheen nie oortrek nie.
[5] Toe het Moses, die kneg van die HERE, daar
gesterwe in die land Moab, volgens die bevel van
die HERE.
[6] En Hy het hom in die dal in die land Moab,
teenoor Bet-Peor, begrawe; en niemand het tot
vandag toe sy graf geken nie.
[7] En Moses was honderd-en-twintig jaar oud toe hy
gesterf het; sy oog was nie verswak nie, en sy krag
het nie vergaan nie.
[8] Toe het die kinders van Israel Moses beween in
die vlaktes van Moab, dertig dae lank. En die dae
van die geween, van die rou oor Moses, het ten
einde gekom.
[9] En Josua, die seun van Nun, was vol van die
Gees van wysheid; want Moses het hom die hande
opgelê. En die kinders van Israel het na hom
geluister en gedoen soos die HERE Moses beveel
het.
[10] En soos Moses, vir wie die HERE van aangesig
tot aangesig geken het, het daar geen profeet
meer in Israel opgestaan nie —
[11] wat betref al die tekens en die wonders wat die
HERE hom opgedra het om in Egipteland aan
Farao en aan al sy dienaars en sy hele land te
doen,
[12] en wat betref die hele magsopenbaring en al die
groot, skrikwekkende dade wat Moses voor die oë
van die hele Israel gedoen het.

Broodjies vir die Pad

For the people of Israel, their faith was that the God who delivered them from Egypt would indeed lead them to a place where they could grow and prosper. From a process perspective, we understand that God is always working transformatively toward a vision of the common good and the flourishing of creation, whether over the course of history or within the course of our own lives. As preachers, we can assure people of the presence of God in the social struggle for justice or our personal struggles to be better people. Progress may be incremental and almost indiscernible, and certainly not linear, but God's creative power of transformation is always active in our lives and in history. (PaF)

Dewey M. Beegle (Anchor Yale Bible Dictionary IV, 909–18) comments on this scene:

> Thus, Moses vicariously bears Yahweh's wrath against his people. His death alone in Moab takes on a vicarious quality as well. Yahweh buries him and "no one knows the place of his burial to this day" (34:6). There can be no sacred monument where pilgrims can share in a memorial ceremony for Moses. He must live in the hearts of the people as the greatest prophet of all, the one with whom Yahweh spoke "face to face" (34:10).

Here is a simple truth of the Christian faith: God made us, God loves us and God accepts us as we are. We did not have to earn our creation, and we do not have to earn God's love. But God is delighted when we respond to that love. If we are to bring that love to others then we must know something of what it means to be vulnerable with one another and vulnerable with God. (JwJ)

The words of Proverbs 29:18--"where there is no vision, the people perish" (KJV)--seem appropriate for reflections on Moses's vision of the promised

land. Moses was guided by a long-term vision, beginning with his youthful encounter with God in the form of a burning bush. He held the vision of liberation and hope for the Israelites despite the challenges of Egyptian military power and a journey through the wilderness. Moses's vision was unwavering, and it enabled him to work out the details of leadership and nation-building with courage, compassion and flexibility. . .

Although visionary thinking and spirituality arise in the context of our present situation, their impact reaches far beyond our lifetimes. We dream and plan for futures we will not experience. Our vision compels us to expect excellence and greatness from ourselves as our gift to the future. In the life of the church, if our vision is only for institutional or congregational survival, we will surely perish. In the life of the nation, if the highest thing we can aspire to is lower taxes or a balanced budget, the nation will fall into decline. . .

What is our great vision? What do we dream of that will take longer than our own lives to achieve? What takes us beyond self-interest to embrace the well-being of the whole earth and the generations that will succeed us? (Theolog)

Brood vir die Pad

Die lang of die kort tou vir jou?

deur Wilhelm Jordaan

Oor die rol van ambisie in 'n mens se lewe is daar skerp opponerende standpunte:

Sommige glo ambisie is die weefstof van sukses. Daarsonder kom jy nêrens nie; is jy 'n nul op 'n kontrak.

Ander reken te veel ambisie is nie goed vir jou gesondheid en verhoudingslewe nie. Skaal jou ambisie af en jy leef langer en gelukkiger, word gesê.

Miskien kan 'n mens ook anders daaroor dink. Ambisie, gesien as die begeerte om jou ideale te verwesenlik, is gesond mits jy daarin slaag om minstens drie slaggate te vermy:

Eerstens, die neiging om 'n byna vyandige stryd met die lewe aan te knoop – asof dit 'n gevegsarena is waarin jy strydlustig om jou ideale baklei en waar net die beste vegters seëvier.

Dié soort vyandigheid, vermeng met 'n vulkaniese temperament wat maklik uitbars van woede, ongeduld en frustrasie, jaag die strestoereteller die hoogte in.

Dit skaad nie net lewensonderhoudende liggaamsfunksies nie, maar is ook 'n gevaarlike vonk in die kruitvat van verhoudings.

Ambisieuse mense sê dikwels dié soort gedrewenheid is geneties. "Ons familie is almal so. Ons is erflik belas. Dis hoe ons is. Ons kan nie anders wees nie."

Dit is inderdaad so dat 'n mens nie die grein van 'n haastige, gedrewe temperament kan verander nie.

Tog kan 'n mens leer om juis dié dinge te doen wat teen die temperamentsprikkels skop. Die waarde is dat jy dit algaande begin geniet om teen 'n stadiger pas te draf – sodat ander ook kan byhou.

Só kan jy meer, en ook gewilliger, mense met jou saamneem.

Op dié manier lei jy jou aandag weg van al die gewigtige dinge wat nie kan wag nie en wat volgens die een of ander, gewoonlik selfopgelegde en onrealistiese voorskrif, "nou" klaar en reg moet wees.

So byvoorbeeld kan jy jouself dwing om by die supermark in die langste tou te staan.

En probeer 'n bietjie ontspan as die rusteloosheid en ongeduld soos 'n donderstorm in jou opsteek. Deur jouself af te vra:

"Is daar gebore korttou en -langtoumense? Wat is die nut van wag? Beskryf wiskundige toustaanteorie wat hier gebeur?"

Klaar daarmee, kan jy loer wat medetoustaners in hul waentjies en mandjies het en beplan watter geregte jy daarmee sou kon berei.

Doen sulke en ander verbeeldingryke dinge en voordat jy kan sê: "Nou kan ek nie langer wag nie," is jy voor in die tou.

'n Tweede slaggat is die neiging om jou en ander mense se waarde volgens meetbare uitsetsyfers te beoordeel: Hoe produktief jy en ander is volgens 'n syferprofiel; hoeveel telbare suksesse en mislukkings daar is; hoe vinnig dinge gedoen kan word – so asof syfers en gemete dinge magiese betekenisse en beskikkingskrag het.

Dwing jouself om nie woorde soos "hoeveel" en "hoe baie" te gebruik nie en stel jou bloot aan situasies wat jou sintuiglik dwing om lewensverskeidenheid en -tekstuur te beleef.

'n Derde slaggat wat ambisie ongesond maak, is die neiging om jou verhoudingslewe, hetsy kollegiaal of vriendskaplik, mededingend te wil bedryf.

Jy wil nêrens die verloorder wees nie – nie in 'n vriendskaplike spel nie; nie in 'n redenasie nie; ook nie in 'n rusie nie.

En "verloor" jy, voel jy afgehaal, ontsteld en nutteloos.

So 'n kompetisiekultus kan afgebreek word deur kollegas en vriende uit te vra oor die dinge wat vir húlle saak maak.

En plaas jouself laag op die lewensagenda; met 'n vraende eerder as 'n alwetende ingesteldheid: "Ek weet nie so mooi nie; wat dink jy? Miskien verstaan ek dit nie reg nie. Het jy ander inligting daaroor?"

Ambisie wat so getemper word, maak van sukses 'n tussenmenslike deug eerder as 'n verbete en mensvervreemdende strewe om selfgenoegsaam bo uit te kom.

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die Kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com

082 901 5877